

# Jy moet lós as jy wil vlieg

Marchelle van Zyl

**M**y fiets het 'n *backpedal*-briek gehad. Dit was rooi. Dink ek. Ek kon nie eens meer sien watter handelsmerk dit was nie. Ná jare se son, modder, water en ongelukke het net die raam en die wiele oorgebly.

Dit was my niggie Miesie s'n. Voor Miesie was dit Babsie s'n, en voor Babsie was dit Anita s'n. Maar ek het nie omgeegee nie. Dit was my eerste gróót fiets.

Ek het oral op hom gejaág. Ry was vir sissies en verliefde hoërskoolseuns soos my broer. As ek in Voortrekkerstraat afjaag, het ek my verbeel ek is Ertjies Bezuidenhout.

Die *Rapport*-fietsstoer is deur ons dorp, en ons het aan die bokant van ons straat op die Aberdeenpad gaan wag om te sien hoe die manne verbyjaag. "Trap hom, Ertjieseeeees!" het ons geskree. Ek het gemaak asof ek presies weet wie Ertjies is. Ek kan nie onthou dat ek veel van hom geweet het nie; maar 'n man met die naam Ertjies verdien respek.

Elke oggend skool toe was 'n resies. Ek sou my kop laag oor die *handles* laat sak, my hande voor in die middel vasgeklem. My knieë het by my elm-

boë verby gepomp terwyl ek ou Faf jaag. Faf het vir die eerste rugbyspan gespeel. Hy het 'n swart dik-wiel-fiets gery en sy tas op die pyp tussen sy bene *ge-lift*. Sy knieë het so 10 voor 2 by sy tas verby geskuur. My oë was vasgenael op sy agterste band.

Voor meneer Bester se huis het ek hom gewoonlik ingehaal. Ek het nie opgekyk nie. Ek het net my kop laer gedruk en harder getrap. By die hoërskool het hy opgedraai en ek het verby gehou na my skool.

Een van my gunsteling-jaagplekke in die buurt was die stuk veld agter die tennisbane. As jy van die hoërskool se kant af kom en jy trek weg op die hoek oorkant juffrou Smit se huis, gaan die paadjie net so effens afdraand, agter die pastorie verby, oor 'n *ramp*, óór die teerpad wat vuilgoedgate toe loop, oor nóg 'n *ramp* en dan is jy amper by die volgende ry huise. Dis ver as jy stap. Maar as jy met die wind in jou hare daar afjaag, met jou mond toe en jou ogies skrefies teen die muggies, is dit in 'n oogwink verby.

Die *ramps* is nie eintlik



*ramps* nie. Dit is eintlik maar net hope grond wat daar bly lê het toe die munisipaliteit nuwe stormwaterpype ingesit het.

As jy oor daardie *ramps* kon vlieg, albei wiele in die lug, is jou dag in orde. Dit hang alles af van jou spoed. Dus moes jy seker maak daar kom nie karre nie.

Die ritueel was soos volg: Ek *backpedal*-streep-stop. Kyk links, regs, links. Op, af, op. Gáán! Oop en toe. Karoo-bossies woerts verby, óm die doringboom, kyk vir oulaas vir verkeer, en dan géé jy oor die *ramps*. Albei wiele in die lug. Ek vlieg.

'n Ruk gelede is ek weer by 'n berg af, dié keer baie

steiler.

My fiets het 'n naam, dit het hidrouliese remme, skokbrekers, ratte en 'n kleur. Ek dra 'n valhelm en lyk asof ek weet wat ek doen.

My broer se seun Franna vat my na sy gunstelingplek teen die berg. Hier ry die ouens rof. Hul *ramps* is gemaak vir die doel om te vlieg, en daar is baie van die goed. Die draaitjies is skerp, die baan tegnies.

Ek laat Franna eerste afgaan. Ek kyk na sy agterband voor my. Ek wil jaág. Ek kyk na die *ramps*. Ek wil vlieg. Maar ek is nou ouer. Ek stop en kyk na die baan. Dis bo my vuurmaakplek, en ek praat met die kind in my.

Nee, sê ek, vandag gaan ons nie jaag nie. Vandag gaan ons nie spring nie. Vandag gaan ons mooi rustig hier af ry totdat ons die baan leer ken, en dán kan ons laat waai. Ons is mos nou ouer en verantwoordeliker, jy sien.

Daar gaan ek. Rustig. Rem. Gee skiet. Rem. Draai. Rem. Óm die *ramp*. Rem. Vermy die volgende *ramp*, gee skiet en versnel 'n bietjie, rem effe, gee skiet, wind waai, my oë maak skrefies, ek maak my mond toe, óór die *ramp*. BAF! DOEF!

En daar lê ek. Ek maak inventaris op om seker te maak dat alles heel is. Arms. *Check*. Polse. *Check*.

Bene. *Check*. Tande. Ribbes. *Check*. *Check*. Dis net my ego wat aan skerwe lê langs my fiets. My elmboë is stuk-kend, maar ek voel dit skaars.

Stadig klim ek op my fiets en maak die baan rem-rem klaar.

Ek stop en kyk terug oor die baan. Die *ramps* lag vir my. Ek het een goue reël vergeet: Jy moet laat waai as jy wil vlieg. Jy moet spoed opbou en jou oorgee.

Jy moet jou kop intrek, laag oor die *handles* lê en trap asof jy ou Faf in jou visier het en jou verbeel jy is Ertjies.

As jy wil vlieg, moet jy laat lós.

## Veldkos

LISE BEYERS

# Laat Kaasfees jou braaibrood-inspirasie wees

**D**is amper weer tyd vir my gunsteling-fees van die jaar: die Suid-Afrikaanse Kaasfees, wat van 25 tot 27 April op Sandringham buite Stellenbosch gehou word.

Vir enige kos-en-wyn-liefhebber is dit 'n ware fees.

Al het dit die laaste paar jaar sommer baie groot geword, gaan ek keer op keer terug.

En een ding is seker: Jy moet weer dink as jy meen kaas oor die kole is net goed op braaibroodjies.

Maar 'n braaibroodjie bly koning, en daar is vele maniere om hierdie eenvoudige gereg 'n bietjie op te kikker.

Een daarvan is om 'n mengsel van kase – byvoorbeeld edam, gruyère en feta of cheddar en bloukaas – op die brood



Foto: LISE BEYERS

te sit.

Dit is ook heerlik om 'n pitabrood met kaas en allerlei ander lekkerhede te vul en dit stadig oor die kole te braai.

En stadig is die waggwoord. Ek het al soveel keer by 'n braaivleis gesien hoe braaibroodjies sommer oor warm kole gebraai word totdat die brood bruin is, maar die

kaas binne is nog koud en glad nie gesmelt nie. Onthou dus om jou broodjie met respek te braai.

Daar is talle lekkernye wat met kaas oor die kole berei kan word.

Gaan maak vanjaar 'n draai op die Kaasfees vir inspirasie. Hier sal jy honderde verskillende kase kan proe.

## Kaasfondue oor die kole

Om in 'n ysige nag saam met 'n paar vriende om 'n kampvuur te sit by 'n pot vol vuurwarm romerige kaas om varsgebakte brood in te doop is hemels.

### Bestanddele:

- 2 koppies gruyère van Klein River
- 1 koppie edam
- 1 koppie verouderde cheddar
- droë witwyn
- 1 knoffelhuisie
- suurlemoensap
- fyn neut
- mielieblom (Maizena)

### Maak só:

1. Sny al jou kaas in blokkies.
2. Sit jou swartboompot oor warm kole en smeer die bodem goed met 'n vet

knoffelhuisie wat middel-deur gesny is. Giet daarna 'n halfbottel droë witwyn daarby saam met 'n eetlepel suurlemoensap. Wanneer die wyn begin kook, krap jy van die kole onder die pot uit sodat dit stadig prut.

3. Dan kom die kaas by. Maar hier lê die geheim: As jy alles gelyk ingooi, sal jy sit met 'n groot gemors waarmee jy eintlik net soker sal kan speel. Dus moet die kaas stelselmatig bygevoeg word terwyl jy met 'n houtlepel aanhou roer.

Voeg 'n halwe hand vol kaas op 'n slag by.

4. Maak 'n pasta van een eetlepel mielieblom en 'n bietjie witwyn of brandewyn en meng goed tot glad en voeg by jou kaas-

pot. Voeg laaste 'n halwe teelepel neut by.

5. Hou aan met roer totdat 'n gladde, fluweelagtige sous vorm.

6. Laat dit nog 'n paar minute prut.

Roep dan die troepe nader en laat hulle hul blokkies kraakvars brood met 'n lang vurk in die fondue doop. Die hitte onder die pot moet net effens wees – net genoeg om die fondue 'n bietjie warm te hou.

Jy kan ook vars groente opsny en in die fondue doop, en selfs worsies, maar ek verkies om net brood te gebruik.

Glo my, voordat jy jou oë kan uitvee, sal jou swartpot so skoon uitgevee wees dat jy dit amper net so kan bère.